

OSTEOARTRITIS

Oorsig:

Beeneindes wat gewrigte vorm word bedek deur ferm, gladde gewrigskraakbeen. In die skouergewrig behels dit die humerus kop en glenoïed proses. By die akromioklavikulêre gewrig behels dit die laterale einde van die klavikel en die akromion proses en by die elmboog behels dit die distale humerus, die ulna sowel as die radius se proksimale einde. Die gewrigskraakbeen elimineer wrywing feitlik geheel en al, beskerm die onderliggende been teen beskadiging en laat toe dat 'n gladde glybeweging tussen die beeneindes plaasvind. Verwering van die gewrigskraakbeen lei tot 'n toestand genaamd osteoartritis wat ook degeneratiewe artritis genoem word. Dit die mees algemene vorm van artritis in die skouer en elmboog.

Oorsake:

Hierdie proses vind gewoonlik oor tyd plaas. Dit mag veroorsaak word deur verwering oor baie jare, herhalende stremming van die gewrig, vorige besering, wanbelyning, oorgewig of metaboliese of genetiese toestande. Osteoartritis in die skouer en elmboog is meer algemeen in pasiënte oor 50 jaar oud maar dit kan ook in jonger pasiënte voorkom na beserings soos byvoorbeeld ontwrigtings van die gewrig of in mense met 'n genetiese geneigdheid tot osteoartritis wat gewoonlik in families loop.

Simptome:

Dit behels dowwe pyn, akute pyn episodes, styfheid en swelling van die gewrig en beperkte omvang van beweging. Benige uitgroeisels of osteofiete ontwikkel geleidelik tesame met die verergering van erosies van die gewrigskraakbeen en mag plaaslike simptome in die sagte weefsel veroorsaak sowel as 'n gevoel van vashaak van die gewrig. Pyn is tipies gesentreer oor die agterste aspek van die skouer en elmboog wanneer dit in hierdie twee gewrigte voorkom, maar wanneer dit in die akromioklavikulêre gewrig voorkom is dit aan die voorkant van die skouer geleë. Osteoartritis kan ook gelyktydig in die akromioklavikulêre gewrig en die glenohumerale gewrig voorkom.

Klassifikasie:

Primêre osteoartritis ontstaan wanneer daar geen identifiseerbare oorsaak is nie en wanneer dit aanvaar word as genetiese of metaboliese faktore wat daartoe aanleiding gee. Wanneer daar 'n onderliggende oorsaak egter is, word dit sekondêre osteoartritis genoem. Spesifieke letsels van die kraakbeen kan ook die klassifikasie beïnvloed na aanleiding van die voorkoms en die graad van kraakbeenverlies.

Behandeling:

Terapie is gemik op verligting van pyn en verbetering van funksie. Pynverliggende en anti-inflammatoriese medikasie word gebruik tesame met aanpassing van aktiwiteite. Chirurgiese gelykwerk van growwe letsels word uitgevoer indien die simptome voortduur of vererger. Erge akromioklavikulêre gewrigsartritis mag volledige verwydering van die akromioklavikulêre gewrig en die aangetasde deel van die klavikel behels wat vervang word met litteken weefsel. Vir erge osteoartritis van die glenohumerale gewrig word vervanging van die humerus kop met of sonder die glenoïed uitgevoer. Gewrigsvervanging van die elmboog word minder gereeld uitgevoer maar in erge gevalle kan hierdie skarniergewrig ook met prosteses vervang word.